
Maart 2018


# Stellenberger

## Elke huis het sy kruis

deur: ds. Marius Breytenbach









**Ons bevind ons tans midde-in die lydenstyd wat met Aswoensdag op Woensdag 14 Februarie begin het en na 40 dae lei tot Palmsondag (Sondag 25 Maart), waartydens Jesus se aankoms in Jerusalem om die Joodse Paasfees te vier, gedenk word. Daarna breek die Groot Lydensweek aan, gevolg deur Jesus se kruisiging op die Vrydag en sy opstanding op Paassondag, wat ons vanjaar op 1 April vier.**

Die gebruik is dat op Aswoensdag die palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag verbrand word en die as dan met olyfolie gemeng word en in die vorm van 'n kruis op die voorkop van lidmate aangebring word, waarna hulle die woorde "Mens, dink daaraan dat jy stof is en tot stof sal terugkeer" teenoor medelidmate herhaal. As is egter nie net 'n teken van ons verganklikheid nie, maar ook van boetedoening (vandaar die gebruik om as op die kop te strooi as teken van berou). Vir gelowiges is lydenstyd 'n tyd van dissipline en opoffering. Sommige gelowiges vas, terwyl ander hulle weerhou van iets wat gewoonlik deel is van hulle dagroetine.

In Stellenberg vier ons hierdie besondere tyd met ons fokusprogram 'n Vrygewige lewe. In 2 Korintiërs 8:9 skryf Paulus die volgende hieroor: "Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word".

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

As teken dat ons as gemeente die tyd saam vier, vra ons mense om rooi kruise aan die voorkant van hulle huise aan te bring – elke huis het sy kruis. Deur hierdie inisiatief vier ons nie net saam die lydenstyd nie, maar beeld die kruise ook die realiteit van seerkry, swaarkry en bekommernis wat ons deel uit. Meer nog, dit verkondig dat ons in Christus se opstanding glo en in die genesing, vergifnis en nuwe lewe wat dit bring. Daarom kan die kruise maar permanent voor ons huise bly.

Die week wat die wêreld verander het: Die Groot Lydensweek (25 Maart – 1 April)

In die kerkgeskiedenis is die historiese gebeure tydens die laaste week van Jesus se leeftyd op aarde, tot en met sy opstanding, kronologies gerekonstrueer. Die bedoeling was dat gelowiges tydens dié week elke oggend bymekaar sou kom om te gesels oor wat Jesus op dáárdie spesifieke dag gedoen en wat met Hom gebeur het. Dié week het in die kerk begin bekend staan as die Heilige Week, of in ons tradisie, as die Groot Lydensweek.

In Stellenberg herdenk ons die gebeure van daardié week met die volgende uur-programme waarna ons julle graag uitnooi:

Sondag 25 Maart 09:00, kerk – Vier ons Jesus se intog in Jerusalem vir die Joodse Paasfees, met 'n gesamentlike diens in die kerkgebou. Daar is dus nie 'n familiediens in die kleinsaal, of 'n meditatiewe diens in die kapel nie. Ons tradisionele Via Dolorosa-uitstalling verskuif gedurende hierdie week na die kerkgebou. Dit word in 'n vereenvoudigde formaat aangebied en mense kan dit deur die dag besoek.

Maandag 26 Maart 19:00, kerk – kom praat Francois Wessels met ons oor hoe die Joodse Paasfees, waarvoor Jesus Jerusalem besoek het, verloop het en hoe dit ons as Christene vandag raak. Daarna eet ons saam in die Markplein, aangesien dit ook pas by die tradisionele Joodse Paasfees.

Dinsdag 27 Maart 19:00, kerk – sal daar 'n meditatiewe diens in die kerkgebou gehou word met musiek, stilte en gebed.

Woensdag 28 Maart 19:00, kerk – tree Neil Buchner met sang en getuienis op.

Donderdag 29 Maart 19:00, kerk – dink ons terug aan Jesus se instelling van die nagmaal. Ons gebruik die nagmaal in afwagting van die dramatiese gebeure wat tot sy inhegtenisname sou lei.

Vrydagoggend 30 Maart 09:00, kerk – Vier ons Goeie Vrydag met 'n erediens. Dit is die dag waarop Jesus sy kruis gedra en voor sononder gesterf het.

Paassondag 1 April 06:15, kerk – Vier ons Jesus se opstanding met 'n kort erediens waartydens ons die nagmaal gebruik. Na die diens wag ons almal saam buite die kerk op die sonsopkoms. Om 09:00 volg ons

# Daar is behoorlik gekuier op die Kuierbasaar

"Ons is baie dankbaar dat lidmate die basaar goed ondersteun het en lekker saam gekuier het," sê Christine Morsbach, basaarorganiseerder. "Ek is baie dank verskuldig aan al die convenors wat regtig my hande versterk het in die aanbied van 'n groot verskeidenheid etes, die braaiers wat op 'n warm dag voor 'n warm vuur gewerk het en al die helpers wat help opskep, bedien en verkoop het.  Baie dankie vir elkeen se toewyding en harde werk. Ons gaan volgende jaar vir nog meer sitplek en kuierplek sorg.  Die *lasertag* was 'n treffer onder die jongspan en sal ook weer 'n verskyning maak."





Foto links: Die Kweek vir die Here-span is besig om hulle voorraad uit te pak. Die span kwekers lok besoekers van heinde en verre wat graag 'n seldsame vetplantspesie wil bekom.
Foto regs: Die knap kokers van die heerlike kerrie-en-rys.





Foto links: Die weer het saamgespeel en basaar besoekers kon tot lekker laataand onder die mooi volmaan kuier.
Foto regs: Ons braaispan.  Hoe hou 'n mens dan nou basaar sonder braaiers?

# Die matrolbalspan daag die dominees uit

Stellenberg se gedugte matrolbalspan en die 2017-wenners van die wisseltrofee het die predikantespan uitgedaag vir 'n wedstryd.  Die predikante is behoorlik gerol en die telling het maar erg skeefgetrek – so al na die een kant toe.  Dit was groot pret en die gehoor sê hulle is reg vir 'n tweede rondte, die dominees moet net voor die volgende wedstryd so 'n bietjie oefen!  Lidmate wat by die matrolbalspan wil aansluit, kan gerus met Hettie Hickman kontak maak.





Foto links: Daar word beraadslaag wie se bal lê waar. Foto regs: Ds. Why Duvenhage in aksie met 'n ferm regter.

# Belydenisaflegging op Sondag 4 Maart

Die eerste belydenisaflegging geleentheid vir 2018 was sommer 'n hoogtepunt ook.  Nie minder as 54 tieners het belydenis afgelê en aangedui dat hulle graag deel van die NG Kerk familie wil raak.  Ons verwelkom hulle met ope arms.







Foto links, van links: Femke Swanepoel, Duan Warnich en Megan Pieterse het belydenis van geloof afgelê.
Foto middel: Die forse jongmanne is ook nou amptelike lidmate van die gemeente.  Van links is: Marlo van Zyl, Eugene Bosman, Zivan Mynhardt, Armand du Plessis.
Foto regs, van links: Neline van der Merwe, Madelein Luüs en Caro van Zyl het ook hulle geloof bely.

# Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is

deur: Anene Nortier





**Op Sondag 25 Februarie het ds. Why Duvenhage 'n erediens in die Shofar-gemeente vir hawelose mense in Bellville gelei. 'n Paar Stellenbergers het saamgegaan en na die erediens die kerkgangers met 'n warm maaltyd verras. Anene Nortier deel haar ervaring van die oggend met ons lesers.**

Sondagoggend . . . vroegoggend . . . hulle sit in rye op die sypaadjie met 'n bekertjie genadekoffie – party met 'n lewensblyheid wat duister is en dan ook húlle op wie se gesigte die moedeloosheid al spore gelos het.

Kan dit wees dat hierdie harde bestaan harte só sag kan maak? Of is dit dalk juis húlle wat vanoggend met lig in hulle oë en bondeltjies vasgebinde slaapgoed onder die arm deel is van hierdie Heilige byeenkoms? "Waar twee of meer in my Naam vergader, dáár is Ek!"

Die koffiery binne die saaltjie word in stilte gevorm en die seer hande wat die bekertjies vat en bedank, vertel hulle eie storie. 'n Vrou kom ingestap. Nederig. Skaam dalk? Of moedeloos? Met haar sagte voetstappe van jare se myle, neem sy stil-stil haar plek in. Niemand kyk op omdat sy laat is nie, niemand wonder nie. Wat maak dit saak?

Spontane lofprysing breek uit die harte van hierdie hawelose gemeenskap en weer tref die eenvoudige rykdom soos 'n geweerskoot. Hier, waar liggaam en siel met genade aanmekaar gehou word, klingel die sente in die ingeduikte trommeltjie wat omgestuur word.

"Dit verseker Ek julle: Hierdie vrou het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het."

Getuienisse word gedeel oor hoe elkeen skuiling vind in die Vader en hoe ons dankbaar moet wees en raaksien hoe Hy ons vashou – hier, in Bellville se strate. Hier waar alles so gevaarlik is? Hier waar menswaardigheid iets is wat moeilik ervaar word? Ja, hier!

Soms fluister die Vader in jou oor en soms praat Hy hard. Soms is dit nodig om weer te kniel, jou eie nietigheid te besef en uit te reik oor ongemaklike grense heen!

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

# Dankie Stilbaai





Die NG Kerk Stilbaai het 'n groot insameling 5 liter waterkanne na Stellenberg gestuur vir verspreiding.  Stilbaai-gemeente wil graag op dié tasbare wyse betrokke raak by die droogtekrisis in die Wes-Kaap.

" Die Delft-sopkombuis het heelwat waternood en sopkook gebruik baie water, " sê ds. Peter Kotze.  "Ons sal dus eerstens die water na die Delft-sopkombuis kanaliseer om verligting daar te bring.  Die vrouens wat die sop kook, sal baie verlig wees."

# Die Karakterboukamp tradisie leef voort







Dit is nou soos hulle sê, reeds donkiejare dat Laerskool Eversdal en Stellenberg-gemeente in samewerking met die JAM-span jaarliks in Februarie die gewilde karakterboukamp aanbied. Die legendariese Erica-tonnels, die Apostelbatterykampterrein met die onverbeterlike uitsig en vroegoggend se drilparades sal menige oud-Evers (nou studente en jong werkendes)  met heimwee vul. "Presies soos die vorige vyftien jaar het ons die laaste naweek in Februarie ’n bus met 150 opgewonde en party dalk effe angstige leerders van Laerskool Eversdal na die Apostelbattery- kampterrein aangery, sê Brenda Visser, Kinderwerker.  "Dit is 'n ander kampervaring, want ons kampeer nie net met gemeentekinders nie.  Vir baie van die kampeerders was dit hulle eerste kampervaring buite die skoolopset. Ons kamptema was: *Evers laat 'n spoor na*. Dit bly 'n voorreg om met dié groepe leerders te werk en ons is dankbaar dat die ouers en personeel van Laerskool Eversdal ons met hulle kosbare kinders toevertrou."

# Wat kan gebed vir jou beteken?

As dit moontlik sou wees om Jesus vandag van aangesig tot aangesig raak te loop, wat sou jóú woorde, opmerkings, vrae of versoeke aan Hom wees? Sou jy verras of oorbluf, verheug of geskok, berouvol, of net heeltemal stomgeslaan wees? Of sou jy Hom ignoreer en laat verbygaan omdat jy Hom eintlik nie ken nie?

In die Bybel lees ons van Jaïrus – 'n man met gesag wat Jesus vra om sy dogter te genees. Die naamlose vrou met bloedvloeiing raak Jesus se kleed aan omdat sy deur talle dokters teleurgestel is. Die Skrifgeleerdes is skepties en - bevraagteken sy gesag. Die Doper wat Jesus se weg kom berei het, sê: "Die hemel het naby gekom". Die vrou by die put vra: "Waar gaan jy die lewende water vandaan kry?" Die bruilofgangers vra Hom vir nuwe wyn. Elkeen kom na Jesus met 'n unieke gesindheid en vraagstuk. Die dissipels se versoek aan Hom: "Here, leer ons bid".

Dink weer 'n bietjie na oor die dissipels se vraag. 'n Gebed kan so eenvoudig wees soos om één ding vir Jesus te vra en vir 'n ander ding dankie te sê. Gebed is bloot om met Jesus as Seun van God te begin praat asof Hy werklik hier is, want die hemel het naby gekom – daar is nuwe lewende water.

Waarom is gebed belangrik?

Omdat die Here vandag nog graag van ons wil hoor. Dit is die sleutel tot kommunikasie met God, om Hom te vertel hoe jy Hom nodig het, waaroor jy bekommerd is, hoe seer jy gekry het, waarvoor jy dankbaar is, hoe baie jy Hom liefhet. Gebed is ook om net te vertoef by God en te luister wat op God se hart is, om sy stem in jou binneste en deur sy Woord te hoor en ooreenkomstig te handel. Gebed kan jou uitkyk verander en jou beter lewensgehalte bied.

Gebedstyd beteken ook om ander te ondersteun as ons vir hulle intree en die Here te vra om hulle te help en in hul behoeftes te voorsien.

Soos in die eerste gemeente in Handelinge kan ons ook eendragtig saamstem in kollektiewe gebed. In Stellenberg is daar groepe jongmense en seniors wat bid. Daar is vroue- en mannegroepe wat weekliks byeenkom om te bid en so ook die predikantegroep, wyke, omgeegroepe en huiswerkers wat bid. Elkeen hiervan is 'n ontmoeting met die Here. Hier is 'n paar geleenthede wat jy kan aangryp om met die Here te praat:

Sondae 08:30 voor die oggenddiens in die gebedskamer langs die kapel, op jou eie, of saam met lede van die gebedsgroep, waar ons bid vir die erediens en die week wat voorlê.

Maandae 09:15 by die vrouegebedsbyeenkoms in die gebedskamer, waar 'n tiental vroue saam bid voor die Bybelstudie in die Kleinsaal. Almal wat iets op die hart het, is hartlik welkom.

Dinsdae 19:00 in die kapel by 'n informele gebedsbyeenkoms waar enigeen met gebedsversoeke meer as welkom is. Reël vooraf vir individuele gebed om 18:00 indien dit jou behoefte is.

Donderdae 6:00 in die Markplein saam met die Mannegroep.

Ons doen dit alles omdat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het (Jak. 5:16). Ons bid ook omdat ons stad, provinsie en ons land dit nodig het, soos in Jer. 29:7 ". . . bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange."

En ons doen dit omdat Jesus ons voorspraak by die Vader is (1 Joh. 2:1) en ons daarom vrye toegang tot die heiligdom het (Heb. 10:19).

# Optrede deur Neil Büchner

Kom luister op Woensdag 28 Maart om 19:00 in die kerk na die bekende Neil Büchner - sanger en liedjieskrywer. Neil se optrede vorm deel van ons spesiale Groot Lydensweek-program. Die vertoning is gratis, maar bespreek asb. jou plek Sondagoggend by die inligting-stoonbank of stuur 'n epos aan karin@stellenberg.co.za




**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za